S7/19/60/16(1791)

G.P.-S.73837—1978-79—2 000-2 DP 1

GEHEIM

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Volg No. P5/4/78
(Vir amptelike gebruik)

WET OP PUBLIKASIES, 1974
PUBLIKASIE OF VOORWERP

AANSOEK OM 'N *BESLISSING/~~HERSIENING~~

Direkteur van Publikasies, Privaatsak 9069, Kaapstad, 8000.

Ek lê hierby aan u voor die publikasie of voorwerp wat hieronder beskryf word en—

*wat hierby saamgaan;

*wat aan u deur.....

.....gestuur sal word,

vir ondersoek en 'n beslissing of die publikasie of voorwerp na die oordeel van 'n komitee bedoel in artikel 4 (1) van die Wet op Publikasies, 1974, ongewens is al dan nie.

Lt. F P R Botha
Aansoeker

1979-04-11
Datum

* Haal deur wat nie van toepassing is nie.

A. AANSOEKER

1. Naam	2. Telefoon No.
Lt. F P R Botha	29281 x 244
3. Beroep	**4. Aard van besigheid**
S.A. Polisie	
5. Woon- of besigheidsadres	**6. Posadres**
	Privaatsak X302 PRETORIA 0001

B. PUBLIKASIE OF VOORWERP

7. Naam en/of beskrywing	8. Onderwerp
AFRICA MY BEGINNING	

9. Skrywer of voortbringer	10. Uitgewer en sy adres	11. Jaar en No. van uitgawe
INGOAPELE MADINGOANE	Raven Press (Pty) Ltd. ~~JOHANNESBURG~~ 105 Corbett Place 62 De Korte Street Braamfontein Johannesburg 2001	1979 ISBN 0 86975 095 X

12. Indien dit nie doenlik is om die publikasie of voorwerp voor te lê nie (bv. in die geval van 'n standbeeld), meld dan hieronder die *plek* waar die publikasie of voorwerp deur 'n komitee ondersoek kan word.

C. VORIGE BESLISSING (vul in slegs in die geval van 'n aansoek om *hersiening*)

13. Bogenoemde publikasie of voorwerp is by 'n vorige geleentheid—

*kragtens die Wet op Publikasies, 1974, deur 'n komitee ongewens bevind;

*kragtens die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963, deur die Raad van Beheer oor Publikasies ongewens bevind;

*kragtens artikel 113 (3) van die Doeane- en Aksynswet, 1964, deur die Raad van Beheer oor Publikasies onbetaamlik of onwelvoeglik of aanstootlik bevind.

Opmerking: Indien bekend, vermeld hieronder die nommer en datum van die *Staatskoerant* waarin die beslissing hierbo bekend gemaak is.

.....

* Haal deur wat nie van toepassing is nie.

D. BEDRAG INGESLUIT R.....

Opmerking:

(a) Die bedrag betaalbaar is:

	Ten opsigte van 'n aansoek om 'n	
	beslissing	hersiening
	R	R
(i) in die geval van 'n tekening, prent, illustrasie, skildery, houtsnee of dergelike voorstelling, afdruk, foto, gravure of litografie, figuur, afgietsel, snywerk, standbeeld of model.....	1,00	5,00
(ii) in die geval van 'n ander publikasie of voorwerp, bv. 'n boek, tydskrif, ens.....	5,00	25,00

(b) In die geval van 'n aansoek om 'n *beslissing* is die bedrae slegs betaalbaar indien die aansoeker die voortbringer of verspreider van die publikasie of voorwerp is.

(c) In die geval van 'n aansoek om 'n *hersiening* is die bedrae deur elke aansoeker betaalbaar.

E. VIR AMPTELIKE GEBRUIK

14. Verwys na—	Paraaf
J. S. Jansen	
voorsitter van komitee op.....	

15. VERSLAG DEUR VOORSITTER VAN KOMITEE

Die Komitee het die publikasie of voorwerp ondersoek en soos volg bevind.....

Sien verslag aangeheg.

16. BESLISSING

Die komitee beslis dat die publikasie of voorwerp—

*~~nie ongewens is nie~~;

*binne die bedoeling van artikel 47 (2) (e) van die Wet op Publikasies, 1974, ongewens is.

Voorsitter van Komitee

9/5/79
Datum

* Haal deur wat nie van toepassing is nie.

AFRICA MY BEGINNING: Ingoapele Madingoane.

Ravan Press, Johannesburg. April 1979.

Hierdie boekie bevat 22 gedigte almal saam gegroepeer onder een naam, nl. "Africa my Beginning." Die gedigte verskyn onder die titels Black Trial /One, Black Trial/Two-----ens. tot Black Trial/ twenty-one en sluit dan af met die gediggie, "Africa my Beginning." Die woordjie "trial" moet hier vertaal word met die woord "beproewing". Dit is die beproewinge wat die swartman moet deurmaak. Die eerste gediggie begin met die volgende woorde:

p.I. black child
nature's blunder
here i am
lost again
dumped here by the creatures of hell
and left to rot.....

Ander sterk uitdrukkings is die volgende:

p.3. ----the enemy has decided my fate
from his high throne of injustice.

p.8. for tomorrow is judgment day
the fall of fear the birth of courage

p.8. in my moment of triumph
i regret not your treachery
for with it you earned
your ultimate defeat

p.IO drag it off brother man
off your back it ain't yours
break this damn sucker's chain
drop the burden from your shoulders
move on brother go
go man go
blackman go

p.II and as one we shall fight
the ancestral war until justice
is done

Om 'n idee te kry van die gehalte van die gedigte, lees dié dele wat op die volgende bladsye gemerk is: pp. 5, 9-II, I2-I3.

(x) Die gedigte is deel van die verset-letterkunde. Onder dié ~~Die enigste~~ gedigte wat werklik probleme oplewer is die volgende:

(a) black trial/fifteen (p.24-p.25) en

(b) Africa my beginning (p.33-35)

(a) black trial / fifteen:

Hier verwys hy na klein Hector en Biko. Dan roep hy deur die stamme van Afrika en deur die lande van Afrika sy voorvaders aan om hulle te help.

(b) Africa my beginning:

Hier verwys die skrywer na die koloniale magte wat Afrika leeg gesuig het. En dan noem hy die name van mense soos Mugabe, wat

gekom het om sy grond terug te eis, Agostinho Neto wat met die taal van die digter gepraat het en die kolonialiste in groot getalle die land verlaat het, die nuwe beweging...die Frelimo-beweging wat respek afgedwing het (viva Frelimo). En so onthou hy vir Ja Toivo-----Namibië is nie verlore nie en Nujoma is nie ledig nie.

Dan sluit die digter met die volgende woorde:

p.34. Azania here I come
from apartheid in tatters
in the land of sorrow
from that marathon bondage
the sharpeville massacre
the flames of Soweto
I was born there
I will die there
in
Africa my beginning
and Africa my ending

let's do something
mbopha

wat in gedagte gehou is, is die volgende:

[nie onderstreep nie] Twee aspekte ~~moet agter in gedagte gehou word~~:

(i) By die swart bevolking is die pyndrumpel hoër en(ii) Ons het hier te doen met gedigte wat nie so maklik lees as gewone prosa nie.

~~Beslissing~~:
Na alles in aanmerking geneem is en na deeglike bespreking in die komitee is daar eenparig besluit dat hierdie ~~blad~~ publikasie ongewens is binne die bedoeling van die Wet, Art. 47(2)(e) d.w.s. dit is nadelig vir die veiligheid van die Staat, die algemene welsyn en die goeie orde, ~~REDES~~: en wel om, o.a., die volgende redes:

I. Die blad moedig die swartmense in Suid-Afrika aan tot opstand soos duidelik gesien kan word uit die ~~aanhalings wat op bladsy I van hierdie verslag aangegee word.~~ verwysings hiubo:

2. Op bladsy 24 bekla die skrywer sy lot dat die Afrika-lande nie sterk genoeg is om die swartmense van Suid-Afrika te bevry nie en beroep hom dan op die voorvadergeeste.

3. Op bladsy 33 en bladsy 34 word persone soos Mugabe se optrede geregverdig en ook dié van Neto. Albei is uitgesproke kommuniste en as sulks bevorder die ~~blad~~ publikasie ook die oogmerke van die kommunisme. Daar word gesê "Viva Frelimo"m.a.w. Lank lewe Frelimo. (Ook Frelimo is nou 'n self-verklaarde kommunistiese ~~minderheidsparty~~ party, en sulke partye ~~wa~~ se lederal bestaan steeds uit die minderheid van die bevolking). En dan word ook die vrymaking van Namibië en Azanië voorspel. Azanië is ook 'n naam wat die terroriste vir Suid-Afrika gebruik.

J.P.Jansen.
9/5/79.